Die
# BL VERTEL
## BEHEERLIGGAAM 2025

KWARTAAL 2, 2025

Beste Oosie-ouers en voogde

Wat 'n warrelwind van 'n kwartaal. As u na enige personeellid kyk sal u sien dat hul so bietjie windverwaaid lyk as gevolg van 'n baie besige kwartaal wat 'n Opedag, baie sportdae (tuis en weg), kultuuroefeninge, 'n eksamen, kaskardag en kuierfees ingesluit het. Ons is baie dankbaar vir elke Oosie personeellid se ongelooflike toewyding en bydrae tot ons skool se vooruitgang.

Wanneer u by die skoolsaal instap sal u ook die ligte briesie van ons splinternuwe lugverkoeling voel. Weereens het ons Mootgemeenskap saamgestaan en ons gehelp om dit moontlik te maak.

Ons leerders is altyd ons eerste prioriteit en ons het in Mei maand die terugvoer van ons gemeenskapsopname aan u deurgestuur. Om te groei, moet 'n mens '*the good, the bad and the ugly*' in die gesig staar om te sien waar ons kan verander, waar ons hande kan vat en waar ons moet los. Baie dankie aan u wat u insae gelewer het. 'n Betrokke Oosie-ouer is 'n gelukkige en ingeligte Oosie-ouer.

**Akademie**
Soos gewoonlik is akademie bo aan die lys. Ons stel een nuwe beheerliggaam en vier departementele onderwysers aan, onder andere 'n nuwe Wiskunde-onderwyser. Twee van ons huidige terreinwerkers word in departementele poste aangestel, en ons verwelkom twee nuwe algemene werkers wat in Julie diens sal aanvaar. Die nuwe algemene werkers is verantwoordelik vir toesig en instandhouding van die badkamers gedurende die dag, met die doel om boelie gedrag en ander dissiplinêre probleme te voorkom.

**Sport**
Ons sportfasiliteite brei uit en ons begin eersdaags met die bou van 'n nuwe tennisbaan. Soos u weet, wil ons graag ons Moot kinders in die Moot hou en ons glo dat met ons eie fasiliteite nog meer leerders Oos-Moot hul tuiste sal maak.

**Kultuur**
Kultuur is lekker en na Mnr. en Mej. Oos-Moot, skop ons af met ons *Kultuur is lekker* inisiatief. Dit is ook ons Mnr. en Mej. Oos-Moot tema en sal na die res van ons kultuuraktiwiteite deurgedra word, want Kultuur is mos lekker. Saam met Bemarking loods ons, ons nuwe TeeTyd Potgooi en die 3de episode word eersdaag uitgesaai. Ons het ons eerste Kaskar en Kuierfees gehou en is opgewonde oor die feit dat ons weereens ons begrote winste klop. Oos-Moot het nou 'n geeskomitee wat hand aan hand met die #TrotseOosie-span sal werk om te bou aan die gees van Oos-Moot.

**Bemarking**
Ons bemarker, Chriselda Meyer, staan aan die stuur van ons Potgooi en het 'n oulike en yweringe span wat twee-maandeliks 'n lekker tema aanpak. So verbreed ons, ons inskakeling met ons gemeenskap en kommunikasie-platforms. Die Opedag was 'n reuse sukses en ons kan nie wag vir ons nuwe Graad 8 druppels in 2026 nie.

Bemarking en die Geboue en Terreinspan neem hande vir ons skoolsaalprojek. U sal sien dat ons spog met 'n nuwe vooraansig vir ons skoolsaal. Die saal is die hart van ons skool, en dit is vir ons belangrik om voortdurend 'n positiewe indruk te skep — nie net by ons leerders, ouers en voogde nie, maar ook by gaste en almal wat ons skoolgronde betree. Ons gaan binnekort nuwe gordyne en akoestiese panele bybring. Baie dankie vir al die ouers wat bereid is om ons met ons saalprojek te help.

Ons het 'n hele paar nuwe borge wat 'n ongelooflike groot verskil maak. Ons hou op 25 Oktober ons jaarlikse borge-aand om ons bestaande borge te bedank en nuwe borge te verwelkom. Die Allumni muur is voltooi − kyk gerus daarna wanneer u weer ons Ontvangs besoek.

Lekker fondsinsamelingsaktiwiteite word beplan vir die derde kwartaal met ’n *Sprint en Spat* pretloop in Augustus en ’n manne-aand in September. Hou die spasie dop!

**Geboue en Terrein:**
Sjoe wat ’n kwartaal! Saam met die skoolsaalprojek, die nuwe heining in Hertzogstraat, die opgradering van die sportgronde, die vernuwing van die netbalbane, die herstel van vloere, die verhoog, teëls in klaskamers en vele meer, is ons geboue en terreinspan druk besig om die skool op standaard en veilig te hou. Ons het ’n sekuriteitskomitee gestig wat die taak het om alle sekuriteitsaangeleenthede by die skool te dryf en bestuur.

Finansieel lyk ons skool gesond, ons het ’n positiewe kontantvloei en al ons uitgawes is binne ons 2025 begroting.

Weereens ons dank aan ons ouers wat positief bly, ons naam altyd hoog hou en die pad saam met ons stap. Wanneer die warrelwinde kalmeer, geniet ons die winde van verandering wat ons tot nuwe hoogtes neem.

Saam sal ons die Blou Golf laat rol en ons Trotse Oosie kreet oor die Moot laat hoor. Skakel of epos ons gerus met enige vrae of insette. Ons sien daarna uit om van u te hoor.

Oosie groete

Sas Erasmus (Voorsitter), Cobus Steenekamp (Ondervoorsitter), George Wolfaardt (Tesourier), Ivan Love en Matt Taljaard (Sport), Sanel Roux (Kultuur en Bemarking), Marius Adams (Bemarking) Roche Houman en Ruda Els (Geboue en terrein). Onderwyslede: Me Susan Theron, Hanlie van Staden, Marianne Haasbroek, Lee Bouwer, Braam Pretorius, Dean Stander en Francis Gratz (Sekretaresse).

*************************************************